ds. PJ Kriel Biddag vir reën 15.11.2015

Inhoud. Biddag vir reën. God se eer is sy oorvloedige sorg. Mense onteer God deur sy skepping te verniel en die tekorte van hierdie sonde aan God toe te skryf. Wie bid vir reën moet bid dat God goddeloosheid sal vernietig.

Skriflesing Psalm 104.

Teks Ps. 104: 28. U maak U hand oop en hulle kry meer as genoeg.

Tema: Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg.

1.En dit is goed! Meer as goed genoeg!

Dit is hoe God elke keer gevoel het oor wat Hy geskep het. Dit is hoe God vandag besig is om God vir sy skepping te wees, vir alles wat Hy gemaak het, vir alles wat lewe.

Hy versorg in oorvloed. Dit is God se roem sy eer en sy heerlikheid. Niks wat Hy gemaak het, word nie oorvloedig versorg nie.

Hy maak sy hand oop en almal kry meer as genoeg!

2.Ps.104 openbaar dat alles in God se skepping getuig van sy oorvloedige sorg.

Dit staan in totale kontras met alles wat mense oor die skepping gevoel, gesien en geglo het. Die hart van mense se goddeloosheid is dat elke ding wat God gemaak het en waarmee God Hom besig hou is ŉ gevaar en bedreiging vir mense.

In en agter alles in die skepping skuil daar een of ander kwaadwillige en selfsugtige god. Alles wat in en deur die skepping gebeur getuig van eiemagtige gode wat op hulle eie mag en roem ingesteld is.

Dit is goddeloses se beeld oor God: onvergenoegd met alles wat Hy gemaak het en alles waarmee Hy besig is, wat altyd een of ander rede uitvind om vernielsugtig teenoor mense op te tree.

3. Hierdie godsbeeld staan in totale kontras met die wyse waarop God Homself in Psalm 104 openbaar. God is nie kwaadwillig en vernielsugtig teenoor sy skepping nie.

Hy sorg vir meer as genoeg vir alles en almal.

Daarvan getuig

- die diere in die woestyn wat oorgenoeg water kry om hulle dors mee te les.
- die aarde wat versadig word met reën, dit is oorgenoeg kry.
- die Here se bome in die veld wat nie verdroog nie maar volop reën kry
- die oorvloed van die seelewe wat soveel kry dat hulle wemel van oorvloed en lewe.

Hy maak sy hand oop en hulle kry meer as genoeg.

4. In alles wat goddeloses ŉ onvergenoegde en kwaadwillige god sien wat hulle bedreig ontdek die Psalmskrywer God as sorgsame Vader vir dit sy vreugde is om oorvloedig te gee.

Vir die goddeloses in die Psalmskrywer se tyd was god gefrustreerd en iesegrimmig besig om mense goedsmoeds met wind te verniel en so lukraak met bliksemstrale dood te slaan.

Die Psalm openbaar God se sorgsame teenwoordigheid in wind en weerlig: dit is die boodskappers van sy troue sorgsaamheid.

Daarom sien die Psalmskrywer in die hoë onbereikbare bergpieke ook nie die blyplek van gode wat lui en sleg rondlê met wulpse godinne wat nie deur mense in hulle wellustige godepartytjies gepla moet word nie.

Hy sien in die hoë bergpieke hoe God die tuisteskepper van klipspringers is en hulle ŉ blyplek veilig teen jagters gee.

Hy sien in die rotse en skeure van die berge ook nie die blyplek van kwaadwillige gode nie, maar dat God selfs vir die dassies ŉ veilige hawe gee.

Wat goddeloses as die woeste onstuimige god van die see gesien het, sien die Psalmskrywer as God wat vir mense gesorg het vir vervoerbane vir hulle skepe en so sorg vir die welvaart van hulle handel.

5. Goddeloses sien altyd vir God as die Een wat alles wat mense probeer orden en bestuur ontwrig met sy chaos. Vir hulle is die die gode wat die chaos en versteurings in mense se lewens veroorsaak.

Net sodra ʼn mens net ʼn bietjie orde in jou eie lewe geskep het, net weer ʼn bietjie rus en vrede in jou lewe gekry het, dan is daar weer een of ander onvergenoegde en gefrustreerde god wat alles met sy natuurkrag kom verstoor.

Vir hulle was die skepping ʼn getuienis van ʼn bedreigde god wat net vrede kan kry in sy leedvermaak teenoor mense.

6. In Psalm 104 word presies die teenoor gestelde van God openbaar.

God skep die sekerheid en sekuriteit van orde vir ʼn vaste lewensritme!

Dit doen God met die son en maan wat sy twee ligte is wat Hy vir die aarde gemaak het. Hierdie vaste ritme van son en maan, is die vaste lewensritme waarin God alle lewe orden.

Die nag is nie ʼn godlose plek in die chaos van die afwesigheid van die songod Ra nie. Dit is die veilige werks- en eettyd van diere waarin hulle ongestoord van storings mense kan leef. Diere se werkstyd is mense se rustyd.

Net so is die dag God se tyd waarin Hy mense laat opstaan om te werk terwyl dit weer diere se rustyd is.

Met hierdie son en maan skep God elke lewende organisme se vaste lewensroetines van werk en rus.

God gee ook vaste grense tussen bewoonbare land en die versameling van waters is mere en die see. Daarmee skep God veilige leefruimte vir die mens en vir die diere in die see. Hy gee hiermee sekuriteit.

God skep ook die beweging van water van wolke na reën, van reën na riviere en bergsponse, van bergsponse na fonteine wat weer na die see vloei. God skep met hierdie vaste watersiklus die lewensiklus van alle lewende wesens.

Niks in God se skepping is magte of kragte van chaos en wanorde nie. In ons taal: die ekologie is in ʼn vaste lewensritme waar alles die ander ten goede kom. God laat alles in ʼn vaste lewensorde groei en gedy.

7. God het nie die skepping gemaak as God se arbeidskolonie vir die mens nie.

Dit is nie God se bedoeling en behae dat die mens in gebrek en bedreig moet in ellende leef in sy skepping nie.

Die Psalm openbaar dat God die skepping vir die mens as vreugdevolle tuiste gemaak het:

- met genoeg kos uit ŉ vrugbare aarde gee God deur sy skepping lewenskrag,

- met genoeg wyn gee God deur sy skepping lewensvreugde,

- met olie vir sy gesig gee God deur sy skepping lewensgesondheid.

Hy maak sy hand oop en almal kry meer as genoeg.

8. Dit is die roem die eer en die heerlikheid van God as Skepper:

Dit is sy vreugde om sorgsaam Vader te wees.

God is nie die onvergenoegde god van goddeloses wat belas voel deur mense en hulle dan kwaadwillig van sy nek af kry deur vernielsug en ontwrigting van hulle lewens nie.

Nou wat veroorsaak dan

- die gebrek,
- die te kort,
- die ontwrigting en
- die chaos in die wêreld?

Want volgens die openbaring van wie God regtig is in hierdie Psalm is dit nie dit wat ons vandag graag die "natuur" noem nie. Die "natuur" is God se boodskappers en diensmiddele om meer as genoeg te gee en in oorvloed te versorg.

Dit is die plek van die gebed in vers 35: "Mag die sondaars van die aarde af verdwyn en die goddeloses ophou bestaan."

Dit is nie God wat gebrek en te kort skep as onvergenoegde en kwaadwillige God nie. Dit is die mense in hulle sonde en goddeloosheid wat die oorvloed van God se sorg ontwrig met chaos en gebrek en te kort skep.

9. Kom ons toets die waarheid van hierdie openbaring!

Is die droogte waarin ons nou is ŉ saak van te min water?

God gee te min water, daarom het ons te min water? Dan het ons mos nou weer daardie onvergenoegde God wat kwaadwillig is en ons gaan verniel sodat Hy weer al die aandag kan kry.

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg. Biddag vir reën.

Is dit te min water of gaan dit vandag oor te veel mense?

Is dit God wat iewers op ŉ hoë bergpiek sleg en lui rondlê tussen wulpse godinne en nie lus is om sy mense te versorg nie, of net die teendeel,

dit is goddeloses wat lui en sleg rondlê, kinders verwek vir wie hulle die afwesige pa en ma is, onversorgd en op soek na kos en water?

Hier is nie te min water in die Soutpansberg nie. Die water het nie te min geword nie, die mense het te veel geword. Mense word uit losbandigheid gebore en is net te veel vir die oorvloed van water wat nog altyd hier was.

Hoekom mag boere nie meer water uit die Albasini waterbesproeiingsskema kry om hulle lande mee nat te maak nie? Omdat die mense nou te veel is en almal het die eerste reg op drinkwater!

Dit is nie omdat die Here te min water gee nie.

Hy maak sy hand oop en almal kry meer as genoeg.

11. Hoekom is daar te min water vir ons as boere?

Is dit omdat God nie meer genoeg water in die Soutpansberg gee nie?

Ons romantiseer die verlede deur te vertel hoe baie water daar was. Maar toe was die bosbougebied baie kleiner waar die watersponse is en die boere het baie keer met so min as vier of vyf hektaar genoegsaam verdien om te leef en hulle kinders te laat studeer.

En nou?

Nou moet ons op 40, 50 en 100 hektaar intensief boer net om ŉ bestaan te maak en die bestaande water wat genoeg was voorheen is nou nie meer genoeg nie.

Hoekom?

Omdat die waarde van ons produksie al hoe minder word! Al hoe meer mense wil deel van die opbrengs wees sonder dat hulle deel van die verdienste is.

In die openbaring van die Psalm wil hulle die orde van dag en nag omkeer: hulle wil snags rondlê en wakker bly in hulle drifte, maar bedags nie meer voluit werk of produseer nie, maar ten volle aanspraak op die produksie maak.

Dit is God se vreugde om vir meer as genoeg te sorg. Biddag vir reën.

Hierdie is nie ŉ onvergenoegde en kwaadwillige god wat mense met te korte straf nie. Dit is onvergenoegde en kwaadwillige mense wat te korte skep en dan mense wil straf wat produseer oor wat hulle verdien.

In hierdie waardevermindering moet ons net meer en meer plant, meer en meer water gebruik om goddeloses se sonde te finansier. Daar is nie te min water nie. Daar is te min mense wat waarde toevoeg tot die lewe. Die lewe wat God in oorvloed voorsien en versorg.

12. Te min kos en blyplek?

Dit is net so min waar. Kos word in honderde duisende tonnemaat vernietig in baie dele van die landbou en landbouproduksie wêreldwyd.

Net hier bokant ons lê die magtige Zambezi rivier. Daar vloei seker maklik genoeg water in hierdie rivier per dag af om die hele Suidelike Afrika van water te voorsien. En langs hierdie rivier is daar geen volhoubare landbou ekonomie nie.

Die mense wat langs hierdie onbeperkte water moes voedselproduseer het sit in Levubu en Suid Afrika sonder huise en sonder kos.

Gee die Skepper te min omdat Hy eiemagtig ingesteld is op eer en mag en nie die eer, roem en heerlikheid het om te sorg vir wat Hy maak nie?

Dit is net die teendeel. Dit is ŉ godlose president en owerheid wat ŉ land wat God met onbeperkte oorvloed seën ŉ honger en hawelose land maak.

Mense wat godloos God se roem, eer en heerlikheid ontluister omdat hulle in hulle self eiemagtig bokant enige aanspreeklikheid as mense verhef is.

Gee God te min water vir die stede?

Daar is nie te min water nie. Die water wat God genoegsaam gee bevuil mense met riool en mynafval in hulle goddeloosheid: ongeërgd, onverstoord en eiemagtig elkeen op roofwins ingesteld met minagting vir God. Slaap wanneer hulle moet werk en besig wanneer wanneer hulle moet slaap, in ŉ eie ritme van drif en roekeloosheid wat nie inpas in die skeppingsritme van God nie – en watervoorsiening laat verval!

Daar is nie te min water nie. Onder die hoëveld het God genoeg water voorsien, soveel as wat in die Vaaldam is, maar dit is onbruikbaar deur die winsbejag van gieriges gemaak.

God gee nie te min nie. Daar is te min eerbied en dank vir die Gewer van oorvloed!

13. Ons mag vandag vir reën bid.

Die vraag is nie of ons mag bid of nie, maar tot wie bid ons.

Moet ons vandag tot 'n god bid wat onvergenoegd met sy skepping en ons is omdat Hy te min eer, roem, lof en heerlikheid ontvang van mense en Hy hulle nou weer op hulle knieë dwing?

Dan moet ons weer op die tipiese ou manier sonde bely, tot bekering kom en dan gaan God beter voel en weer sorg!

Of roep ons de Here aan vir wie dit sy roem, eer en heerlikheid is dat Hy in oorvloed sorg vir alles wat Hy gemaak het? Wat met die vaste ritme van die aarde, die son en maan, met vaste grense in die skepping en watersiklusse lewe in oorvloed onderhou – omdat dit sy roem, eer en heerlikheid as God is?

Wanneer ons God in hierdie geloof aanroep en vra om ons te versorg, dan moet ons ook begin bid dat hy die goddelose uit die land sal verwyder.

Daarom moet ons ook ophou met die gedagte dat dit ons skuld is dat goddeloses goddeloos is. So asof ons in hierdie worstelstryd moet ingaan dat ons goddeloses moet leer om God te eer, en dank vir sy heerlikheid in sy oorvloedige sorg.

Ons verkondig nie die evangelie as wapen teen die goddeloses nie. Ons verkondig die evangelie as deel van die eer, die roem en heerlikheid van God wat oorvloedig in sy liefde vir sondaars is en 'n vreugde het om Here te wees soos Hy Here is.

God verbreek die mag en eie lewensritmes van goddeloses wat met hulle eiemagtigheid, selfsug, eersug, hebsug en luiheid sy oorvloedige sorg verniel en ontwrig.

Daarom mag ons nie vir reën bid as ons nie terselfdertyd bid dat God die sonde en goddeloosheid uit die wêreld sal laat verdwyn en ophou laat bestaan nie.

Kom ons roep God aan vir sy goeie gawes: Hy maak sy hand oop en ons kry meer as genoeg. Kom ons roep Hom aan om sonde en goddeloosheid uit die wêreld te laat verdwyn.

Dit is sy eer, sy roem en sy heerlikheid.